

Die Kersfeeskwessie – Des. 2020

Ek skryf hierdie stuk na aanleiding van 'n voorval waarvan ek weet wat op Kersdag gebeur het. 'n Vrou wat sê dat sy onlangs tot bekering gekom het, het haar ma in tranes gehad omdat sy op Kersdag geweier het dat haar kinders kersgeskenke van hulle ouma ontvang, omdat Kersfees glo heidens is. As gevolg van haar optrede is daar nou hartseer en vervreemding in die familie.

Die onskriftuurlike invloed op die ontstaan van Kersfees en die kersboom kan nie betwyfel word nie en ondersoek sal aantoon dat 25 Desember as die werklike geboortedatum van Christus bevestig moet word, maar omdat kersversierings so algemeen in die gemeenskap gedurende dié tyd voorkom en omdat mense gedurende Kersfees so sentimenteel raak, het ek toe my kinders nog klein was, besef dat ek versigtig moet wees om hulle en ander mense nie weg te dryf deur Kersfees op 'n ongevoelige, wettiese manier, af te kraak nie. Eerder as om op die negatiewe te konsentreer, het ek besluit om die tradisionele simboliek te kaap en dit te gebruik om die verlossingsboodskap te beklemtoon. Deur **Jes.53:2** wat lui:

“My dienaar het gegroei soos 'n loot wat uitspruit ...soos 'n plant wat groei in droë grond,”

as aanknopingspunt te gebruik, het ek verduidelik dat die groen kersboom vir my Jesus Christus en die nuwe lewe wat deur geloof in Hom beskikbaar is, voorstel. Die liggies wat tradisioneel die kersboom versier, herinner my, na aanleiding van **Joh. 1:6-9**, dat Jesus as die Lig van die wêreld aarde toe gekom het. Die ster boaan die boom word maklik in verband gebring met die ster wat die wyse manne in die Bybel na Jesus se geboorteplek toe gelei het (**Matt.2**). Die tradisie van die uitdeel van geskenke om die kersboom herinner my aan die geskenke wat die wyse manne vir die nuutgebore kindjie, Jesus, gebring het (**Matt.2**). Die engelfigure wat so populêr as versierings voorkom, herinner 'n mens ook aan die rol wat die engele as boodskappers tydens Jesus se geboorte gespeel het (**Matt.2:13, Luk.2**). Die bekende toneel van die figure van Josef, Maria en die Wyse manne om die krippe in die stal wat so algemeen gedurende Kersfees as versierings gesien kan word, kan op 'n natuurlike manier gebruik word om die Christusboodskap, veral aan kinders, te verduidelik.

Sonder om 'n bohaai daarvoor te maak het ek aan my familie verduidelik dat dit moeilik is om die werklike dag van Jesus se geboorte vas te stel en dat dit heel waarskynlik, om verskeie redes, nie 25 Desember was nie. Daar bestaan egter geen Nuwe Testamentiese voorskrif dat die geboortedag van Jesus herdenk moet word nie en ware kinders van die Here kan die feit dat Hy aarde toe gekom het om vir ons sondes aan die kruis te sterf, elke dag van hul lewe herdenk. Wat die Nuwe Testament wel voorskryf is dat gelowiges gereeld aan die dood van Jesus herinner moet word deur die hou van nagmaal (**1 Kor. 11:23-33**).

Ek is van mening dat as gelowiges behoort ons versigtig te wees dat ons nie op 'n ongevoelige, wettiese manier Kersfees afkraak en daardeur, eerder as om welwillendheid en toenadering in families te bevorder, ons verwydering en verdeeldheid veroorsaak nie.

Ten spyte van wêreldse uitbuiting en die kommersialisering van Kersfees, hoor ek tog nog hoe liedere soos *Stille Nag, Die Heiland is gebore, Bethlehem Ster* en *“Joy to the world,”* orals weerklink. Ek weet van niemand in my kenniskring wat die kersboom en geskenke in verband bring met die aanbidding van afgode soos Osiris, Semiramis, Ra, Tammuz, Nimrod of St.Nicholas nie. Die meeste mense het nog nooit eers van hierdie name gehoor nie!

Alhoewel kersliedere deur baie uit gewoonte gesing word, gee die sentimentele atmosfeer ten minste die geleentheid om die waarheid van die Evangelie op 'n natuurlike, liefdevolle manier te beklemtoon. Wat ook in gedagte gehou moet word is die feit dat kersfees in hierdie besige tyd, een van die min geleenthede is wat families nog bymekaar bring en wat gebruik kan word om welwillendheid en toenadering te bevorder. Diegene wat Kersfees op 'n rigiede en wettiese manier verdoem, moet net in gedagte hou, soos iemand dit in Engels uitgedruk het:

“Sometimes you might win an argument, but lose a soul!”

Diegene wat gedurende Desember weier om liggies en versierings op te hang en ook weier om op kersdag geskenke uit te deel omdat dit heidense assosiasies het, as hulle konsekwent wil wees, sal dan ook versigtig moet wees met die gebruik van die name van die maande en dae van die week – sommige is afgelei van afgode! Ek wonder ook of hulle konsekwent is en weier om kosse wat die Moslem Halaalteken dra, te koop? As ek die name van die week, Woensdag en Vrydag, gebruik, beteken dit nie dat ek die heidense afgode Wodin en Frig aanbid of vereer nie. Ook beteken die feit dat daar kos met Halaaltekens in my yskas is, nie dat ek Mohammed aanbid nie. Die feit dat daar van Kersfees gepraat word, beteken ook nie dat kerse aanbid word nie. Om van hierdie heidense invloed weg te kom sal 'n mens die wêreld moet verlaat, want die Bybel waarsku ons *“dat die hele wêreld in die mag van die Bose lê”* (1 Joh. 5:19). Jesus het ons buitendien verseker dat niks wat van buite af in die mens ingaan, hom of haar kan onrein maak nie:

“Daar is niks wat van buite af in die mens ingaan wat hom onrein kan maak nie; maar die dinge wat van hom uitgaan, dít is die dinge wat die mens onrein maak...Want van binne, uit die hart van die mense, kom die slegte gedagtes, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid. Al hierdie booshede kom van binne uit en maak die mens onrein” (Mark. 7:15-23).

Vir my lê die probleem nie by Kerstyd se kersboom, geskenke en versierings nie, maar by die feit dat baie families wat hulleself Christelik noem, die Christuslewe nie op 'n natuurlike manier gedurende die jaar uitleef nie. Die voorbeeld van die Engelse benaming “Christmas” kan gevolg word en eerder as om in Afrikaans van “Kersfees” te praat, kan ons dit eerder 'n “Christusfees” noem.

Nick Maartens

Jeffreysbaai

0827826074

nickmaartens@hotmail.com